
**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidentsie



# Die Beste Tyd om 'n Boom te Plant

In antieke Rome was Janus die god van 'n nuwe begin. Hy was dikwels uitgebeeld met twee gesigte—een wat terug kyk in die verlede, die ander een wat in die toekoms in kyk. Sommige tale het die maand van Januarie na hom vernoem, omdat die begin van die jaar 'n tyd was vir refleksie asook beplanning.

Duisende jare later hou baie kulture aan met die tradisie van resolusies maak vir die nuwe jaar. Natuurlik is die maak van resolusies maklik—maar om hulle te vervul is 'n hele ander storie.

Een man wat 'n lang lys nuwejaarsvoorneme gemaak het, het redelik goed gevoel oor sy vordering. Hy het gedink, "So ver het ek by my dieet gehou, ek het nog nie my humeur verloor nie, ek het gehou by my begroting en ek het nog nie een keer oor my bure se hond gekla nie. Maar vandag is die 2de Januarie, die alarm het sopas af gegaan en dis tyd dat ek uit die bed kom. Dit gaan 'n wonderwerk vat om my segetog vol te hou."

### Om oor te Begin

Daar is iets oor 'n nuwe begin wat ongelooflike hoop verskaf. Ek veronderstel dat almal van ons een of ander tyd met 'n skoon blaadjie wou begin.

Ek is lief daarvoor om 'n nuwe rekenaar te kry met 'n skoon hardeskyf. Vir 'n sekere tyd werk hy perfek. Maar soos die dae en weke verby gaan en meer en meer programme geïnstalleer word (sommige opsetlik, ander nie so opsetlik nie), uiteindelik begin die rekenaar vas hak, en dinge wat hy vinnig en effektief kon doen, word traag. Soms werk hy glad nie. Om hom te kry om te begin, word 'n sleurwerk soos die hardeskyf gevul word met diverse chaos en elektroniese oorskot. Daar is tye wanneer die enigste uitweg die herformulering van die die rekenaar is en om weer te begin.

Die mens kan eweneens net so deurmekaar word met vrese, onsekerheid en lastige skuld gevoelens. Die foute wat ons gemaak het (opsetlik en onopsetlik) kan swaar op ons weeg tot dit te moeilik mag lyk om te doen wat ons weet reg is.

In die geval van sonde, is daar 'n wonderlike her-formulerings proses wat bekering genoem word, wat ons toelaat om ons interne hardeskywe skoon te maak en ontslae te raak van die laste wat ons harte 'n warboel maak. Die evangelie, deur die wonderbaarlike en barmhartige Versoening van Jesus Christus, wys ons hoe om ons siele te reinig van die vlekke van sonde en weer nuut, suiwer en so onskuldig soos 'n kind te word.

Somtyds is daar ander dinge wat ons vertraag en ons terug hou, wat onproduktiewe gedagtes en aksies veroorsaak, wat dit moeilik maak om te begin.

### Om die beste in ons uit te bring

Om doelwitte te stel is 'n waardige taak. Ons weet dat ons Hemelse Vader doelwitte het, want Hy het gesê dat Sy werk en heerlikheid is "om die onsterflikheid en ewige lewe van die mensdom te weeg te bring" (Moses 1:39).

Ons persoonlike doelwitte kan die beste uit ons bring. Nietemin, een van die dinge wat ons ontspoor in ons pogings om resolusies te maak en te hou, is om hulle uit te stel. Ons vertraag soms ons begin en wag vir die regte oomblik om te begin—die eerste dag van 'n nuwe jaar, die begin van somer, wanneer ons geroep word as Biskop of Verligtings Vereniging President, na al die kinders in die skool is, nadat ons aftree.

Jy het nie 'n uitnodiging nodig om in die rigting van jou regmatige doelwitte te beweeg nie. Jy hoef nie vir toestemming te wag om die persoon te word wat jy gemaak is om te word nie. Jy hoef nie te wag tot jy uitgenooi word om te dien in die Kerk nie.

Ons kan soms jare mors deur te wag om gekies te word. (Sien L&V 121:34–36) Maar dit is 'n vals veronderstelling. Jy is al klaar gekies!

In sekere tye van my lewe het ek slaaplose nagte gehad omdat ek geworstel het met kwessies, bekommernisse, of persoonlike smart. Maar dit maak nie saak hoe donker die nag is nie, ek word altyd aangemoedig deur die gedagte: in die oggend sal die son weer op kom.

Met elke nuwe dag, kom 'n nuwe dagbreek—nie net vir die aarde nie, maar vir ons ook. En met 'n nuwe dag kom 'n nuwe begin—'n kans om weer te begin.

### Maar wat gebeur as ek misluk?

Soms is die ding wat ons terug hou, vrees. Ons mag dalk bang wees dat ons onsuksesvol sal wees, dat ons suksesvol sal wees, dat ons miskien verneder mag word, dat sukses ons sal verander, of dat dit die mense wat ons lief het sal verander.

En so wag ons. Of ons gee op.

Nog 'n ding wat ons moet onthou wanneer ons doelwitte stel is: Ons sal amper definitief misluk—ten minste in die kort termyn. Maar ons moet nie toelaat dat dit ons afskrik nie, ons kan bemagtig word, want deur dit te verstaan, verwyder dit die druk om nou perfek te wees. Dit laat ons erken, van die begin af, dat een of ander tyd ons kort gaan kom. Om dit te weet van die begin af verwyder baie van die verbasing en ontmoediging van mislukking.

Wanneer ons ons doelwitte so benader, hoef mislukking ons nie te beperk nie. Onthou, al kom ons nie ontmiddelik by ons uiterste, gewenste bestemming uit nie, het ons vordering gemaak op die pad wat ons daarheen sal lei.

En dit maak saak—dit beteken baie.

Al mag ons dalk nie die eindpaal haal nie, net die feit dat ons volhard het in ons reis maak ons beter as wat ons was.

### Die Beste Tyd om te Begin Is Nou

'n Ou gesegde sê, "Die beste tyd om 'n boom te plant is 20 jaar gelede. Die tweede beste tyd is nou."

Daar is iets wonderlik en vol hoop in die woord *nou*. Daar is iets bemagtiggend in die feit dat as ons nou besluit, dan kan ons nou in dié oomblik vorentoe beweeg.

*Nou* is die beste tyd om te begin om die persoon te word wat ons eventueel wil wees—nie net 20 jaar van nou af nie, maar vir ewigheid.

---

### ONDERIG UIT HIERDIE BOODSKAP

President Uchtdorf verduidelik dat wanneer ons daarin misluk om ons doelwitte te bereik, "ons bemagtig kan word. . . . Al mag ons dalk nie die eindpaal haal nie, net om aan te hou met die reis sal ons beter maak as wat ons was." Vra familie lede om ondervindinge te deel waar hulle meer geleer het uit die proses as die uitkoms, soos byvoorbeeld om te matrikuleer of om 'n toekenning te ontvang.

## JEUG

## Word Jou Beste Self—Begin Nou

President Uchtdorf leer dat "persoonlike doelwitte die beste uit ons kan bring." Oorweeg dit om in drie areas van jou lewe doelwitte te stel, soos byvoorbeeld fisieke gesondheid, geestelike gesondheid en vriendskappe. Wat se sukses sal jy in elk van hierdie areas hierdie jaar wil hê? Soos jy biddend aan 'n paar doelwitte dink, maak seker dat hulle bereik kan word, maar vereis dat jy groei. Beskryf jou doelwitte in detail in jou dagboek, sodat jy in staat sal wees om jou vordering te sien na 'n jaar.

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//13. Vertalings goedkeuring: 6/13 Vertaling van *First Presidency Message, January 2014*. Afrikaans. 10861 501

# Die Goddelike Missie van Jesus Christus: Voorbeeld

*Studeer hierdie materiaal biddend en streef om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy waak deur vroue besoek? Vir meer informasie, gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

**Geloof, Familie, Verligting**

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat aspekte van die missie van die Verlosser bevat.*

Soos ons verstaan dat Jesus Christus ons voorbeeld in alle dinge is, kan ons ons begeerte vergroot om Hom te volg. Die skrifture is vol aanmoediging vir ons om Christus se voetspore te volg. Aan die Nefiete het Christus gesê, "want die werke wat julle my sien doen het, dit sal julle ook doen" (3 Nefi 27:21) Aan Thomas het Jesus gesê, "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Johannes 14:6)

Vandag herinner ons leiers ons om die Verlosser ons voorbeeld te maak. Linda K. Burton, algemene Verligtings Vereeniging President het gesê, "Wanneer elk van ons die leerstelling van die Versoening diep in ons harte geskryf het, dan sal ons begin om die tipe mense te word wat die Here wil hê ons moet wees."[1]

President Thomas S. Monson het gesê, "Ons Heer en Verlosser, Jesus Christus, is ons voorbeeld en ons krag."[2]

Laat ons besluit om nader aan Jesus Christus te leef, om Sy gebooie te gehoorsaam en om te streef om terug te keer na ons Hemelse Vader.

## Uit die Skrifture

2 Nefi 31:16; Alma 17:11; 3 Nefi 27:27; Moroni 7:48

## Uit Ons Geskiedenis

"Hy het die pad gemerk en aangewys", het Eliza R. Snow, tweede algemene president van die Verligtings Vereniging geskryf oor die sterflike ministerie van Jesus Christus.[3] Hy het individuë een vir een bedien. Hy het geleer dat ons die nege en negentig moet verlaat en die verlore een moet gaan red (sien Lukas 15:3–7). Hy het individuë genees en geleer, en tyd gemaak vir elke persoon van 'n skare van 2,500 mense (sien 3 Nefi 11:13–15; 17:25).

Van Heiliges van die Laastedae vroue, het President Dieter F. Uchtdorf, Tweede Kanselier in die Eerste Presidensie gesê: "Julle wonderlike sisters gee liefdevolle diens aan ander vir redes wat 'n begeerte vir persoonlike voordeel oorskry. In dit volg julle die Redder se voorbeeld. . . . Sy gedagtes was altyd ingestel om ander te help."[4]

**NOTAS**

1. Linda K. Burton, "Is Geloof in die Versoening van Jesus Christus in ons harte geskryf?" *Ensign* of *Liahona,* Nov. 2012, 114.
2. Thomas S. Monson, "Om die Lewe se Uitdagings aan te pak," *Ensign,* Nov. 1993, 71.
3. "Hoe groot die Wysheid en die Liefde," *Gesang,* no.195.
4. Dieter F. Uchtdorf, "Geluk, Jou Erfenis," *Ensign* of *Liahona,* Nov. 2008, 120.

## Wat Kan Ek Doen?

**1.** Hoekom en hoe is Jesus my voorbeeld?

**2.** Hoe kan die bediennning van die susters wat ek besoek my help om die Redder te volg?

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//13. Vertalings goedkeuring: 6/13 Vertaling van *Visiting Teaching Message, January 2014*. Afrikaans. 10861 036